

Doopsondag is baba se eerste uithanggeleentheid. Maak vir jou kleinding dié mooi pakkie en een van die beffies - dan hoef jy vir die volgende baba net 'n nuwe beffie te maak

Spoggerig uitgevat vir die eerste groot dag

ALGEMEEN

- Gebruik deurgaans 1 cm NT.

AFKORTINGS

AP - agterpant; NT - naattoelating; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; VP - voorpant

BROEKPAKKIE

Benodigdhede

1 m (90 cm breed) sagte, wit katoen, sy of satyn; 1 m smal rek; 60 cm smal, wit satynlint om sykante mee vas te bind; 2 m wit satynskuinsband; 2 klein, plat, wit knopies; kant en gekleurde lint vir bostuk A; klitsrits (Velcro).

Maak só

- Vergroot en knip patroondele uit volgens aanwysings op diagram.
- Stik MV- en MA-nate van broek toe. Gebruik rolsoomvoetjie en werk broekspype se some af. Speld en stik 15-20 cm smal rek teen VK van broekspype, 3 cm van soom af. Rekkie moet lossies om die beentjies pas. Heg binnebeen-naat.
- Knip 2 strokies satynskuinsband (60 cm elk) vir skouerbande. Plaas strokies met VK op mekaar en stik op mekaar vas. Knip reghoek

van 14 x 19 cm uit wit stof vir borsstuk. Stryk dun Vilene teen VK vas. Stik strokie kant en satynlint op RK vas. Vou lang stuk oorlangs dubbel met RK en kort sye op mekaar en stik synaat toe.

- Dop om, stik rygstiksel tussen patroonmerke soos op diagram. Trek rygsdrade in tot stukkie van broekgedeelte op borsstuk pas. Knip kepie van 1 cm langs patroonmerke en heg borsstuk by ingetrekke gedeelte aan broek vas.

- Vou soompie van 1 cm breed na VK in res van broek se bokant, speld en stik rek van sowat 25 cm lank vas teen VK van broek bo-oor 1 cm-soompie.

- Werk knopies op borsstuk vas. Werk stukkie klitsrits teen VK van borsstuk en RK van skouerbandjie vas.

Wenk: Gebruik plat knopies, want knopies met stammetjies kan baba se lyfie druk as jy hom vashou.

BOSTUK A

Maak só

Knip uit volgens aanwysings. Versier een pant se RK met lint, gerolde lintrosies, borduurwerk en inlaskant. Knip spleet van 10 cm in halslyn op MA. Plaas ander pant bo-op met

Links bo: Hierdie beffie met borduurwerk is van 'n gekoopte, handgeborduurde skinkbordlappie gemaak. Gebruik 'n lappie van goeie gehalte. **Regs bo:** Kant, lint en 'n tikkie borduurwerk maak van dié bostukkie iets anders.

RK teen mekaar. Stik rondom. Werk halsspleet af met satynskuinsband.

- Werk halslyn af met satynskuinsband: neem 'n stuk skuinsband van 58 cm, vou eerste 15 cm oorlangs dubbel en stik op die rand sodat bandjie vorm. Plaas teen halsholte en werk gewoon af. Stik laaste 15 cm soos eerste 15 cm vir bandjie. Werk strikkies aan weerskante vas soos op diagram aangedui.


BOSTUK B

Gebruik 'n gekoopte, versierde lappie met deursnit van sowat 30 cm. Gebruik patroon vir bostuk A as riglyn vir halsopening. Werk halsopening af soos vir bostuk A.


Diagramme op bladsy 81.

DIAGRAMME VIR DOOPPAKKIE

SKAAL 1:1



Die stik- en omkapwerk is gedoen op die ELNA 6000-rekenaarnaaimasjien en die PRO-reeks se 4DC-rekenaaromkapmasjien. Vir professionele afronding is dit nodig om deurgaans naaimasjiene van hoë gehalte te gebruik. ELNA het dit vir ons moontlik gemaak. Bel Sue Crawford by (011) 792-4900 vir nadere besonderhede.



BESTEL PATROONPAPIER

Teken jou eie patrone na volgens diagramme op blokpatroonpapier. Elke blokkie is 2 x 2 cm. Plaas die patroonbuitelyn met behulp van kolletjies en verbind dan met 'n soliede lyn. Elke papiervel is 73 x 98 cm groot.

ROOI ROSE/PATROONPAPIER-AANBOD

Stuur asseblief vir my ... pak(-ke) patroonpapier teen R5 per pak – BTW, posgeld en verpakking ingesluit. Elke pak bevat 5 velle blokpatroonpapier.

Totale bedrag R

Ek sluit my tjek/posorder in, uitgeskryf aan ROOI ROSE.

Geen kontant asseblief.

Naam

Adres

..... Kode

Tel. (h) (w)

Pos aan: ROOI ROSE/Patroonpapier-aanbod, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.

